

# Die Pad van Waarheid tot die Lewe



BybelVertalingsProjek

**Die Name en  
uitsprake van Name  
in die Bybel.**

Ons hoop dat hierdie 'n bietjie lig sal  
werp op 'n onderwerp waar totaal  
onnodige verdeeldheid bestaan.

Kom ons bly by wat bewys kan word  
en neergeskryf is, in plaas van om  
elkeen sy eie afleiding te maak.

Daar is net een manier om eenheid  
te bereik en dit is om almal  
dieselfde bron te gebruik. Kom ons  
aanvaar die Geskrewe Woord van  
God as ons standaard en bly  
daarby. As dit geskryf is – aanvaar  
en doen dit – indien nie, moet dit  
nie verkondig nie.

Op die oomblik is daar onenigheid oor 'n paar belangrike aspekte. Ek vra weer, toets die Skrif.

- Die Name van God en Sy Seun en die uitspraak daarvan.

Dit gaan ons nou uit Sy Woord probeer leer.

- Berekening van tyd en tye.

- Die vasstelling van wat Skrif is en wat bygevoeg of weggelaat is.

- Dan is daar sommer uitgedinkte leuens om die vrede van Vader se kinders te steel.

Sommige mense kan net nie ophou om valshede as sg. waarskuwings op te dis nie.

**Ons gaan in hierdie gesprek  
hoofsaaklik drie dinge aanspreek.**

**Die naam van die Skepper-God.**

**Die Naam van Sy Seun.**

**Die woord “God” of “el”.**

**Wat is Sy Naam en die Naam van  
Sy Seun? Sekerlik weet jy!**

**Spr 30:4**

𐤀𐤁𐤂𐤃

Opgemaakte en nie  
bewysde skryfvorm

𐤄𐤅𐤆𐤇

Middeltydse Semities

𐤈𐤉𐤊𐤋

Dooiesee rolle skrif

𐤌𐤍𐤏

Latere Semities

יהודה

Aramese Ashuri Skrif

שמואל

Aramese estrangelo

word eintlik net geskryf

as שמואל



יהודה

Daar is geen twyfel dat dit is hoe die  
Naam ontwikkel en geskryf is nie. Daar  
is genoeg bewyse daarvoor. Let op die  
ontwikkeling...

Dit is dus onmoontlik om afleidings te  
maak oor die vorm van letters. Selfs die  
oudste letters wat ek bo gewys het kom  
weer van ander af !!!!

Dit het mooi betekenis en is opbouend,  
maar geen lering moet daarop gebou  
word nie.

Ons probleem is egter die uitspraak –  
so naby as moontlik aan die oudste  
moontlikheid wat ons kan bereken.

Die volgende word gebruik:

Jahve – Yahweh

Jehovah – Yehowah

Yahuah

Ek glo nie dat enige een verlore is  
as gevolg van 'n verkeerde  
uitspraak nie. Mense moet ophou  
veroordeelend wees oor wat Vader  
nooit bedoel het nie.

Ons het 4 karakters.

Klinkers of Mede-klinkers?

Dit maak eintlik net saak vir die  
uitspraak van die derde karakter – die  
waw.



Daar is baie min twyfel oor die eerste twee karakters se uitspraak.

As bewys kyk ons na Bybelse name:

Aviyah (Abía)

Z'kharyah (Sagaría)

en meer as 'n 110 ander.

Almal het Vader se Naam in die betekenis van hul name en dit word uitgespreek as 'ja'. Ons weet egter dat die 'j' skryfvorm nie in die ou tyd bestaan het nie en gee dit weer as 'n 'Y' en dan moet die Hey י se 'h' verteenwoordig word wat dit m.a.w. Yah maak.

Deur die name is dit duidelik dat  
daar geen ‘Yeh’ uitspraak is nie  
en dus verval al sulke name –  
soos bv. Jehovah.

Die name in die Bybel self gee  
die verklaring.



Die volgende letter is die waw.  
Nou is dit moontlik om 'n mede-  
klinker – W of V te wees of 'n  
klinker – O of U.

Dit is ook in die Woord duidelik  
dat baie name kan eindig met  
Vader se Naam, maar meer  
volledig. Kom ons kyk.

Y'kholyahu	(Jególja)
Y'gizkiyahu	(Jehiskía)
Yesha'yahu	(Jesaja)
Yirmeyahu	(Jeremía)
Eliyahu	(Elía)

en talle meer

Ek het na baie grammatikale opsies  
gekyk soos deur baie skrywers  
uiteengesit.

Gewone logika kyk egter na die  
uitspraak van die derde letter soos  
wat dit duidelik hier vir ons  
neergeskryf word.

Volgens hierdie is dit dus 'n klinker  
en word as 'U' deurgegee en die  
uitspraak sover is:

Yahu

As die ך as medeklinker weergegee  
word sou dit Yahw wees.

Dit is dus moontlik as die ‘U’ as ‘n grammatikale “is” aan die einde gelees word.

Een probleem hiermee volgens my: Cuneiform inskripsies, bekend as die Murashu Teks, stem saam dat Yahu ook in die begin van sekere name gebruik word – dus nie klinker verbuigings nie - Gevind in Nippur en gedateer tussen 464 en 404 voor die Gesalfde Een.

Skolasties moet ek dus sê dat dit ewe moontlik is dat Sy Naam as Yahweh of Yahuah uitgespreek word.

Die uitsprake van die Name soos ek dit in die Skrif vind is vir my oortuiging genoeg dat dit Yahuah is.

Ek gaan nie met jou hare kloof oor die uitspraak wat ons nie het nie. Dit is egter die enigste opsies wat daar is.

**My besluit word verder beïnvloed deur die volgende twee punte:**

1. Josephus, in sy *Wars of the Jews*, Book 5, hfste. 5, 7, stel dit duidelik dat die Naam "**consists of four vowels.**"

2. *Yahweh*, het sy oorsprong, met geen ouer bewyse, in 1567. Genebrardus, was die eerste om *Jahve* voor te stel, grootliks op sterkte van Theodoret se verklaring dat die Samaritane die uitspraak, *Iabe*, gebruik het.

Dit is moontlik om die  
verdraaide klinkers van die  
Masoretiese teks en ander  
veranderinge aan te haal om ook  
bewyse te gee, maar ek dink nie  
dat dit enige doel dien nie.



Sy Naam kan nie deur gewone selfstandige naamwoorde soos “Here” – wat Meester beteken en nie ‘n eienaam is nie en ook nie net met God, wat ons later bespreek, vervang word nie.

**Wat is Sy Naam en die Naam van  
Sy Seun? Sekerlik weet jy!**

**Spr 30:4**

Kom ons kyk nou na die Naam van  
Die Gesalfde Een.

Weereens is daar groot  
verdeeldheid – asseblief kom ons  
kyk net na bewysbare, sigbare  
getuienis.

Eksel self het eers anders geglo en  
geleer – totdat ek dit gesien het met  
my eie oë.

Ons kyk na die volgende opsies  
wat ernstig verkondig word:

Yahuahshua

Yahushua

Yahshua

Yeshua

Jesus

Yog 5:43 is ter sprake:

“Ek het gekom in die **Karakter** en **Outoriteit** van My Vader en julle aanvaar My nie. As ‘n ander een in sy eie **karakter en outoriteit** kom, hóm sal julle aanvaar.”

**בשמה** (Ar.) In die Naam beteken meer korrek “in die Karakter en Outoriteit.”

Die Ambassadeur van 'n land sit  
mos nie die land of President se  
naam voor syne net omdat hy in  
hulle outoriteit gaan nie?

ישעיהו

Luka 1:31

want let op, jy sal swanger word en  
geboorte gee aan 'n Seun en die  
Naam wat jy Hom moet gee is  
Yeshua.

en in Ashuri skrif.

הא גיר תקבלין

בסנא ותאלדין ברא ותקרין שמה **ישוע**



ישעיה


נבואה

# In Estrangelo skrif

ܩܝܡܝܢܝܢ ܘܠܘܣܝܢܝܢ

ܘܠܘܣܝܢܝܢ ܘܠܘܣܝܢܝܢ ܘܠܘܣܝܢܝܢ .

Dieselfde vers vanuit die Khaburis.  
Vierde eeuse kopie van 'n Aramese  
Nuwe Verbond - intern gedateer as 165  
na Yeshua.



**Dit is hoe Sy Naam geskryf is in die  
oudste geskrif.**

Daar is net 4 karakters

ישוע

Y sh u a

Y'shua

uitgespreek as Yeshua met die 'e' klank  
eintlik 'n vinnige 'ei'

Die verkeerde interpretasie van Yog  
5 het veroorsaak dat mense 'n Yah  
of selfs Yahuah invoeg in die Naam  
wat in geen geskrif so bestaan nie!!

Dit is invoeging in die Woord.  
Daar is geen **hey** ה in Sy Naam nie.

For a name to be pronounced  
"Yahshua," it would have to be  
spelled יהושוע and no such name  
exists anywhere in the Hebrew  
Bible.

Dr. Daniel Botkin - author of *Fluent Biblical  
Hebrew*

**Why then do some people refer to Jesus as Yahshua? There is absolutely no support for this pronunciation—none at all—and I say this as someone holding a Ph.D. in Semitic languages. My educated guess is that some zealous but linguistically ignorant people thought that Yahweh's name must have been a more overt part of our Saviour's name, hence YAHshua rather than Yeshua—but again, there is no support of any kind for this theory.**

**Dr. Michael Brown** - Ph.D in Semitic languages.

“of the *Yahshua* form that "there is no such name in Hebrew" and that "people invented it to fit their theology.”

Dr. Danny Ben-Gigi - former head of Hebrew programs at Arizona State University and he designed and produced the "Living Israeli Hebrew" language-learning course.



Daar is nog net een deel en dit is die  
naam “Jesus.”

Die lering is dat dit van die naam van  
Zeus af kom en dus heidens is.

Gelukkig het ons geskiedkundige en  
taalkundige bewyse waar die naam  
vandaan kom.

Ek gebruik net Sy regte Naam: Yeshua  
soos bo gesien, maar dit gaan my  
verstand te bowe hoekom mense deur  
onwaarhede ander wil slegmaak en  
betekenisse aan woorde sit wat nie waar  
is nie. Ek hoop om dit duidelik vir u te  
wys.

Dit is ook dieselfde met baie ander  
woorde.

*Let asb op 2 Tim 2:14*

Herinner hulle aan hierdie dinge en  
beveel hulle voor ons Meester dat  
hulle geen stryd oor woorde moet  
hê, wat geen voordeel inhou, tot die  
omverwerping van dié wat dit hoor  
nie.

Hierdie is een van die mees belaglikste en tog ernstige aantuigings wat ek nog gehoor het, tog het dit meer volgelinge oor die jare op die net opgetel deur disinformasie as enige ander.

Daar is selfs hulle wat verkondig dat hy wat die naam 'Jesus' gebruik vals gode aanbid en heidene is. Ek wil ernstig waarsku teen sulke blatante leuens en nog 'n manier om Vader se kinders se vrede te steel. Kom ons kyk na feite.

Volgens ons 3 geleerdes:  
The English form *Jesus* is derived  
from the New Testament Greek  
name Ἰησοῦς, pronounced  
"Yesous."

Hebrew *Yeshua* to Greek *Yesous*  
Greek *Yesous* to English *Jesus*

Volgens A. B. Traina in sy “Holy  
Name Bible,”:

“The name of the Son, Yahshua,  
has been substituted by Jesus,  
Jesus, and Ea-Zeus (Healing  
Zeus).”

Twee foute in een kort sin:

Daar is nie 'n naam soos Yahshua, soos ons gesien het, en daar is absoluut geen konneksie tussen die Griekse Naam **Ἰησοῦς** (of die Engelse Jesus) en Zeus nie. Geen! Dit is dieselfde tipe argument as om te bewys deur die woorde te gebruik dat Tiger Woods die naam is van 'n tier besmette woud????? Dit is belaglik en gebaseer op ernstige taalkundige onkunde. “Dit klink dieselfde” beteken nie dit het met mekaar te doen nie.

Ek het gehoor van mense wat nie  
die woord “raisin” gebruik nie  
omdat dit die woord “sin” bevat.

Dit is dieselfde.



Ek gaan die volgende aanhaal – kan dit self nie beter stel nie:

Here is another, equally absurd statement:

"... according to the **ENCYCLOPEDIA BRITANNICA**, the name Iesus (Jesus) is a combination of 2 mythical deities, IEU and SUS (ZEUS, a Greek god)." - ([www.wwyd.org](http://www.wwyd.org)).

Although it is claimed that the Encyclopedia Britannica says that “the name Iesus (Jesus) is a combination of 2 mythical deities, IEU and SUS (ZEUS, a Greek god)” it actually says no such thing.

This is a complete fabrication, intentional or not. In short, as one Jewish believer once stated, “Jesus is as much related to Zeus as Moses is to mice.”

**The response to this statement (which has as much support as the latest Elvis sightings) is quite simple: We know where the name Iesous came from: the Jewish Septuagint! In other words, this was not some later, pagan corruption of the Savior's name; rather, it was the natural Greek way of rendering the Hebrew/Aramaic name Yeshua at least two centuries before His birth, and it is the form of the name found in more than 5,000 Greek manuscripts of the New Testament. This is saying something! The name Iesous is also found in Greek writings outside the New Testament and dating to that same general time frame.**

**- Dr. Michael Brown**

Ek gebruik slegs die Vader en die Seun  
se bevestigde Name.

**TOG!!!**

Sal mense nie asseblief ophou om te  
verkondig dat 'n verkeerde uitspraak of  
spelfout iemand verlore maak nie. **Die  
oordeel is op hom wat verdeeldheid  
sonder waarheid veroorsaak.**

In presies dieselfde asem praat ons oor die God of elohim of el probleem.

Daar is afleidings hieroor verkondig wat goed en mooi klink, maar net eenvoudig nie waarheid is nie. Soos reeds bepaal – woorde wat dieselfde klink het nie noodwendig iets met mekaar te doen nie.

Hierdeur maak mense iets as  
“sonde” wat nie sonde is nie.

Dit is wat die Rabbi's en Fariseërs  
gedoen het deur Sy Naam nie uit te  
spreek nie en mensgemaakte wette  
voor te hou waarteen Yeshua  
gepraat het.

Dink asseblief mooi!!

Mense verbied en bestraf die  
gebruik van gewone Selfstandige  
Naamwoorde en verdraai dit  
sodanig asof 'n eienaam van die  
Ware God.

Dink mooi –  
elohim en el word vir beide die  
Ware God en vir gode in die Bybel  
gebruik.

Die Gaht – God taal konneksie  
bestaan nie en het niks met  
Afrikaans of heidense gode se  
name te doen nie – dit klink net  
naby aan mekaar. Dat daar so afgod  
in Bavel was het niks te doen met  
Afrikaans nie.



Hierdie is nie ligtelik geskryf nie. Ek het vanuit elke moontlike rigting, maar sonder vooraf opgestelde idees en verwagtings, na die geskiedenis en agtergrond van die woorde gekyk. My gevolgtrekking is dat dit geen grond het nie. Ek verstaan as mense dit glo, dit is die agtergrond en lering wat hulle het, maar dit is nie korrek nie.

Ek gaan myself aanhaal uit 'n stuk wat ek hieroor geskryf het.

**Elohim is die naam van die pantion van gode (meervoud) in Kanaan toe die Yisra'eliete daar opgedaag het. So is el die enkelvoud wat die hoofgod genoem is. Nou wonder ek net watter god word deur die mense aangehaal??**

**Taalkundig is die woord egter 'n gewone selfstandige naamwoord wat binne ons huidige tyd en taal 'n voorwerp van aanbidding beteken. Ek het ook eers daardie eng weg gevolg en weet vandag dat dit mense verwar, geskep is om Bybels en vertalings te verkoop en baie verwerping en hartseer veroorsaak het.**

**Net soos die Kananiete die woord gaan toepas  
het op 'n god, so is gedoen met die woord  
Goht. In geen oomblik van die geskiedenis van  
ons taal is daar enige verwysing of raamwerk  
om dit met 'n afgod te verbind nie. In ons taal  
- Afrikaans - beteken God met 'n hoofletter  
die enigste en ware Vader met die naam wat  
HYself gegee het. God as woord is niks anders  
as die S.nw vir dit wat deur mense aanbid  
word nie. elohim, eloha en el word op presies  
dieselfde manier in die Woord gebruik.**

**Slegs vir hulle wat Hebreus as nuwe afgod aanbid is daar 'n verskil in die woorde, want taalkundig is daar geen. Ek het dieselfde pad gestap. 'n Diepgaande studie oor Gen 11 sal duidelik wys dat nie dit of geen bestaande taal die oorspronklike is nie. Waarom konsentreer mense nie liever op die volheid van die Waarheid van die Woord en hou op Demone soek in woorde waar dit nie is nie, maar wel in gesindhede. Ons het ook die Gees van Afsondering en het om mense tevrede te stel die woorde al menigmaal verander - totdat ons geleer het om Vader se stem alleen te volg.**

**Ons het egter geen "heilige" taal nie.  
Ons het die NV vertaal en meegewerk  
aan die Bybel in 3 tale en in elkeen van  
hulle is dieselfde soort keuses en  
"gekoppelde" woorde. In Tibetaans  
byvoorbeeld is die woord "Heilig" -  
alhoewel ons dit nie gebruik nie - 'n  
verwysing na die Dalai Lhama self. Net  
om 'n vb te gebruik. Omdat dit 'n  
huidige verwysing in elkeen se hart is, is  
dit logies om dit nie te gebruik nie.**

**Dit is 'n naam van die Dalai Lhama.  
Hier het ons egter met 'n verdraaide  
geskiedenis en storie te doen met  
motiewe by. Jammer ek gaan nie  
weer vir sulke stories val nie. Mense  
moet gerus dan (en ek noem dit slegs  
as verstaan-meganisme) hulle Bybels  
met Kananitiese gode lees.**

**Komaan !!??**

## Stelling uit "The Scriptures"

**"English translations have traditionally rendered it as "God" or as "god(s)" in most instances. However, the Hebrew word "elohim" is the plural form of "eloah", which has the basic meaning of "mighty one". This word is not only used for deity, but is used in Scripture for judges, angels and idols (Shemoth / Ex. 7:1; 9:28; 12:12; 22:8,9; Tehillim / Ps. 8:5; 82:1,6) besides being used frequently for the Almighty. The shorter form, "el" have the same basic meaning and similar usage."**

Lees die stukkie 'n paar keer deur en kyk wat werklik gesê word. Die woord elohim beteken nie net Die Lewende Skepper-God nie, maar ook gode ens. So wat is die punt om dit dan alleenlik te gebruik as jy erken dit beteken ook gode ens. waarvan jy wil wegkom? Dit is mos sinneloos. Dit is presies dieselfde woord, net in 'n ander taal.



**Nog 'n aanhaling uit "'The  
Scriptures 1998'  
Gad or God**

Apart from Gad, the son of Ya'aqob, there was another "Gad." The astrologers of Babel called Jupiter (Zeus) by the name "Gad." He was also well known among the Canaanites where his name was often coupled with Ba'al, Ba'al Gad, which according to the Massoretic vowel pointing in the Book of Yehoshua is pronounced:  
Ba'al God.

**This same name is discovered in the ancient Germanic languages as *Gott, Goda, Gode, God, Gud, Gade*. And searching further back into its Indo-Germanic (Indo-European) roots, we find that it traces back to the word *GHODH*, which means “union,” even “sexual union.” No wonder this meaning is still evident in the Dutch and German *gade*. It is also not difficult to see it in the English “gadfly” and “gadding about.”**

**Ons het vir baie jare in die Ooste gewerk. Die Hindoes het 333 000 000 (333 Miljoen) gode - ongeveer!!! As ek die spelling verbuigings wat hierbo as bewyse aangehaal word gebruik, sal jy nie een enkele Afrikaanse woord kan gebruik nie!! Dit is nie navorsing nie, maar lyk vir my, en ek kan verkeerd wees, asof dit as 'n bewys gesoek is vir 'n besluit wat gemaak is. 'n Taal funksioneer met woorde wat 'n verwysingsraamwerk het. Dieselfde mense vertel jou nie dat el en elohim die verwysende woorde in die antieke tale was vir hulle afgode nie. Ek gebruik dus daarvolgens eerder glad nie die woorde el of elohim om na my God te verwys nie!!!! Hoop jy sien die siniese strekking van wat ek sê. Tog - kyk na wat geskiedkundiges oor antieke volke vertel:**

## Faith System of Gods and Goddesses (Canaanite Gods and Goddesses)

The Phoenicians worshipped a triad of deities, each having different names and attributes depending upon the city in which they were worshipped, although their basic nature remained the same. The primary god was El, protector of the universe, but often called Baal.... Baal, also known as El. In 1978, Israeli archaeologists excavating at an eighth-century B.C. site in the eastern Sinai desert found several Hebrew inscriptions mentioning Ba'al and El in the form of "Elohim," a name used to refer to God in the Hebrew Bible. Further, whenever the Jews refer to God or our God they use "Eloha, Elohaino or Elohim."

Die woord el en sy meervoud is deur  
nasies deur die eeue gebruik om  
'goddelikheid' aan te dui en die  
Yisra'eliete het dieselfde woord gebruik.

## **Kom ons kyk na ISBE verduideliking.**

**One of the oldest and most widely distributed terms for Deity known to the human race is 'El, with its derivations 'Elim, 'Elohim, and 'Eloah. Like theos, Dens and God, it is a generic term, including every member of the class deity. It may even denote a position of honor and authority among men. Moses was 'Elohim to Pharaoh (Ex 7:1) and to Aaron (Ex 4:16; compare Judg 5:8; 1Sam 2:25; Exod 21:5; Exod 21:6; Exod 22:7 ff; Ps 58:11; Ps 82:1). \*\*It is, therefore, a general term expressing majesty and authority, and it only came to be used as a proper name for Israel's God in the later period of abstract monotheism when the old proper name Yahweh was held to be too sacred to be uttered. The meaning of the root 'El, and the exact relation to it, and to one another, of 'Elohim and 'Eloah, lie in complete obscurity. .... In the Old Testament they signify only the general notion of Deity.**

**\*\* Dus nie vir ons aanvaarbaar as 'n  
Naam nie. Dit is een van die  
vervangings wat gebruik is om nie  
Vader se Naam uit te spreek nie. Nog 'n  
rede vir my om dit nie te aanvaar nie.**



Ons praat Afrikaans en die Bybel word  
in Afrikaans vertaal - as ek enigsins  
oortuig was van iets anders sou ek dit  
mos gebruik het - **ek hoef nie die  
Bybel te verkoop nie en soek dus nie  
bewyse vir wat ek gedoen het sodat  
mense dit kan aanvaar nie. Ek soek  
wel net die waarheid.**

Ek het 'n uitgebreide ondersoek gedoen en aan Afrikaans-sprekende mense gevra wat beteken die woord "God." 100% van die mense het die verwysing gemaak na die Ware, Enigste, Skepper-God op verskillende maniere. As dit ons mense se verwysingsraamwerk is met 'n onskuldige generiese selfstandige naamwoord - waarom die Hebreeus of Aramees gebruik wat mense geraai het wat dit beteken, maar nie weet nie. Mense het met 'n afgeleide betekenis en oorsprong groot verwarring veroorsaak.

In my ondersoek het ek ook gevind dat mense "elohim" en "el" beskou as God se Naam!!? wat nie waar is nie - so is verwarring veroorsaak deur 'n afgeleide betekenis. Hoe goed ook die bedoeling, en ek het vriende wat net dit gebruik, dit is nie korrek nie. As gevolg daarvan dat mense dit as Vader se Naam beskou veroorsaak dit steeds verdere verwarring.

Ps 82:1 is 'n goeie voorbeeld hoe mense hulleself kan vaspraat "God staan in die godsvergadering; Hy oordeel oor die gode." Al hierdie woorde is el of elohim - hoe nou? Is jou elohim nie maar net ook die gode nie? Dit gaan oor Gees en gesindheid - nie woorde nie.

'God' is 'n generiese Selfstandige  
Naamwoord soos boom. Daar is bome,  
maar een olyfboom. Nou mag ek nie die  
woord boom gebruik nie, want dit verwys  
ook na 'n doringboom? Uhh? Die Woord  
God met 'n hoofletter is die selfstandige  
naamwoord wat vir alle

Afrikaanssprekendes verwys na die  
Enigste, Lewende en Skepper God en nie  
Sy Naam, wat net .. En ek haal aan

## Yes 42:8

"Ek is יהוה, dit is My Naam; Ek sal nie My eer, lof en aanbidding aan 'n ander gee nie, of My lofprysing aan gesnede beelde nie."

Ek sal Hom nie op 'n ander Naam  
noem nie, ook nie el nie. Hy is die  
Enigse Lewende Skepper-God  
wat ons erken - maar dit is nie Sy  
Naam nie.

Dieselfde geld vir die woord Heer en

Here wat Meester beteken.

Dit is nie 'n ander God nie – net 'n  
vertaling van 'n woord.



## Adonai is nog 'n woord

“Adonis is derived from the Canaanite title, Adon. It is the Semitic word for master or ‘lord’ and i means ‘my’, therefore Adonai (Adonis is the Greek version of the same) translates as ‘my lord’; similarly the meaning of Baal, with whom he shares traits, is also ‘lord’ or ‘master’.”

Hierdie stelling is geskiedkundig  
waar, maar weereens word daar  
van 'n S.nw. gepraat wat vertaal  
word. Dit is 'n gewone S.nw. – dit  
kan vertaal word in sy betekenis –  
so what?

Kom ons hou op om ander te  
oordeel uit onkunde en let op ons  
eenheid.